## 16 April Lukas 22:47-53 (22:50-51)

### *Die priesterslaaf se oorbloed - Jesus koninklik aan die werk*

Jesus wys rondom Malchus se oor ook sy koninklike krag, want sy vurige oorhaastige dissipel word beveel om sy mes te bêre, en Jesus is selfs in beheer van sy vyande. Hy maak 'n vyand se oor gesond.

Jesus wat wys dat Hy Koninklik die stok wat na Hom geswaai kan word, kan afweer, en die Kainskinders sien die vervulling aan hulleself. Een uit hulle eie kring ontvang genesing. Jesus wat die geknakte riet, en rokende lamppit kan regop sit en aanblaas, want die oor sou in sy spiertjies en in sy skulp en in sy bloedvloeiing genees wees. Jesus gee aandag aan die slaaf, maar as dit kom by die baas van die slaaf, dan maak Jesus 'n duidelike onderskeid. Die slaaf ontvang genesing, maar sy eienaar sou nie eers 'n woord van Jesus kon hoor nie, want Jesus het geweier om hom te antwoord. Die kleine ontvang aandag. Dit wat gebreek is, die Here sorg versigtig daarvoor, versigtig is die oor genees. Die een wat dink hy is groot, laat hy maar in sy grootheid homself met sy eie vrae moeg maak.

Ds. P.J. Venter (Outjo/Otjiwarongo/Biermanskool)